# ‘n Verdeelde hart

Ps Karl Holz

1 U self moet my oordeel, o God,
U moet my verdedig teen mense
wat nie aan U behoort nie,
U moet my red van mense
wat lieg en onregverdig is.

2 Ja, U is die God wat my moet beskerm.
Hoekom het U my weggestoot?
Hoekom moet ek aanhou rou
omdat vyande my laat swaarkry?
Psalm 43:1-2

3 U moet u lig vir my laat skyn
en U moet die waarheid oor my sê.
U lig en u waarheid moet my lei
en moet my terugneem na
u gewyde berg, u woonplek.

4 Dan sal ek na die altaar van God gaan,
die God wat my bly maak.
Ek sal U prys met die lier, o God, my God.

5 Ek moenie so treurig en ontsteld wees nie,
ek moet glo dat God my sal help,
ja, ek sal weer 'n lied sing om Hom te prys.
Hy is naby, Hy sal my red,
Hy is my God.